# Kroasië & Slowenië

**29 Junie tot 10 Julie 2025**

Kom saam op ons 12-dae toer in die skoolvakansietyd na die hoogtepunte van **Kroasië & Slowenië**. Die spesiale groepstarief beloop **R47 990** per persoon en sluit alle besigtiging en twee goeie etes elke dag in.

## Reisplan

**Dag 1: Sondag, 29 Junie** **Kaapstad / Johannesburg →**
Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek laatmiddag vanaf Kaapstad en Johannesburg na Europa. Oornag aanboord na aandete.

**Dag 2: Maandag, 30 Junie** **→ Zagreb**
Na 'n vroeë ontbyt arriveer ons in **Zagreb**, Kroasië se hoofstad. Ons reis per bus na die ***Central Hotel***, geleë in die hartjie van die stad. Daar is tyd om uit te pak en te rus. Om **14:00** ontmoet ons in die hotel se voorportaal om saam met ons plaaslike toergids besigtiging van hierdie mooi stad te doen. Sien onder andere die imponerende Katedraal en St Markus Kerk. Om **19:00** kom ons bymekaar vir aandete in die hotel.

**Dag 3: Dinsdag, 1 Julie** **Zagreb → Plitvice**
Na ontbyt vertrek ons per bus na die **Plitvice Nasionale Park**, geleë in sentrale Kroasië (toegangsgelde ingesluit). 'n Hoogtepunt van ons toer is om die manjifieke sestien kristal-helder mere, verbind deur talle watervalle, te beleef. Ingesluit by ons toegang is 'n bootvaart op een van die groot mere. Aandete en oornag in die ***Big House Hotel,*** geleë digby die Plitvice Nasionale Park.

Na ontbyt vertrek ons per bus na die **Plitvice Nasionale Park** (toegangsgelde ingesluit), geleë in sentrale Kroasië. Dit is beslis een van die hoogtepunte van ons toer om die manjifieke sestien kristal-helder mere, verbind deur talle watervalle, te beleef. Ingesluit by ons toegang is 'n bootvaart op een van die groot mere.

> The ***Plitvice Lakes National Park*** is the oldest and largest national park in the Republic of Croatia, famous for its numerous turquoise-coloured lakes separated by tufa, or travertine, barriers. Its karst landscape is characterised by specific hydrological traits and exceptional biological diversity, which helped the National Park gain international significance.

Aandete en oornag in die ***Big House Hotel*** in die Plitvice-omgewing.



*Die skilderagtige Plitvice-watervalle*

**Dag 4: Woensdag, 2 Julie** **Plitvice → Trogir**
Na ontbyt reis ons suidwaarts deur die mooi landskap na die bekoorlike middeleeuse dorp **Trogir**, digby Split. Volgens legendes bestaan hierdie dorp al langer as 2 300 jaar! Geen voertuie word in die middedorp toegelaat nie en dit is 'n belewenis om daar rond te stap. Ons bly die volgende twee nagte oor in die vier-ster ***Trogir Palace Hotel***. Aandete en oornag in ons hotel.

**Dag 5: Donderdag, 3 Julie** **Trogir → Split → Trogir**
Na ontbyt vertrek ons per bus na Split vir ons besigtigingstoer van hierdie hawestad. Ons ontmoet ons plaaslike gids en besoek onder andere die fassinerende paleis van Diocletius (toegangsgelde ingesluit). Ons het daarna vrye tyd om hierdie besige hawestad verder op ons eie te verken. Maak seker dat jy van Kroasië se watertand-roomyse proe! Aandete om 19:00.

**Dag 6: Vrydag, 4 Julie** **Trogir → Dubrovnik**
Dit is tyd om Trogir te groet na ontbyt. Ons vertrek met die pragtige kus-roete verder suidwaarts na **Dubrovnik**, die pêrel van die Adriatiese See. Ons bly die volgende twee nagte oor in die ***Adria Hotel***. Aandete om 19:00 in die hotel.

***Dubrovnik***, historically known as Ragusa, is a city on the Adriatic Sea in the region of Dalmatia, in southern Croatia. It is one of the most prominent tourist destinations in the Mediterranean Sea, a seaport and the centre of Dubrovnik-Neretva County. Situated in an exclave, it is connected to the rest of the country by the Pelješac Bridge. In 1979, the city of Dubrovnik was added to the UNESCO list of World Heritage Sites in recognition of its outstanding medieval architecture and fortified old town.



*Die Middeleeuse dorp Trogir*



*Ons besoek Cavtat per boot vanaf Dubrovnik*

**<u>Dag 7: Saterdag, 5 Julie</u>** **Dubrovnik → Cavtat → Dubrovnik**

Na ontbyt besoek ons Dubrovnik se indrukwekkende ou stad. Die stad is basies onveranderd vanaf die dertiende eeu – vol van pragtige kerke en paleise. Toegangsgelde om die Fransiskaanse Klooster met ons gids te besoek is ingesluit. Na 'n besigtigingstoer van drie ure saam met 'n plaaslike gids, het ons vrye tyd om die stad verder te verken. Vir die fikses is daar kans om op die ou stadsmure reg rondom die stad te stap vir 'n onvergeetlike ervaring. Daar is ook 'n kabelkar-rit beskikbaar vir 'n mooi uitsig oor Dubrovnik se ou stad.

Na ons besigtigingstoer en vrye tyd vertrek ons met 'n privaat boot na die pragtige hawedorp **Cavtat**. Die vaart van sowat 15km verby verskeie eilande is 'n besondere ervaring. Na vrye tyd by Cavtat keer ons weer per boot terug na Dubrovnik. Vir diegene wat in die Mediterreense see wil swem, is daar 'n mooi strand net langs die ou stad! Die seewater in Kroasië is kristal-helder. Aandete in ons hotel.

**<u>Dag 8: Sondag, 6 Julie</u>** **Dubrovnik → Zadar**

Na 'n ontbyt reis ons per bus noordwaarts na die mooi kusdorp **Zadar.** Laatmiddag besoek ons die ou stad van Zadar wat naby ons hotel geleë is. Ons bly vanaand oor in die sentraalgeleë, vier-ster, ***Kolovare Hotel***, geleë by een van Zadar se mooiste en gewildste strande. Aandete is om 19:00 in ons hotel.

**<u>Dag 9: Maandag, 7 Julie</u>** **Zadar → Postojna → Bled**

Na 'n vroeë ontbyt moet ons Zadar groet en ons reis verder noordwaarts al langs die kus en gaan die grens tussen Kroasië en Slowenië oor.
Ons reis verder na die besondere **Postojna Grotte**. Dié grotte is meer as twee miljoen jaar oud en dit is die grootste grot-formasie in Europa. Ons ry vir ongeveer 7 km met 'n treintjie deur die grotte (toegangsfooi ingesluit). Die gemiddelde temperatuur in die grotte is net 8°C. Onthou dus om iets warms saam te neem.
Laatmiddag arriveer ons in **Bled**, 'n prentjiemooi dorpie geleë teen 'n meer, aan die voet van die *Julian Alpe*. Ons bly die volgende twee nagte oor in die sentraalgeleë ***Astoria Hotel.*** Buffet-aandete om 19:00 in ons hotel.



*Vaar met 'n Pletna op Bled-meer in Slowenië!*



*Raak verlore in Ljubljana, Slowenië se hoofstad*

**<u>Dag 10: Dinsdag, 8 Julie</u>** **Bled**

Na ontbyt ontmoet ons ons plaaslike gids en besoek die kasteel van Bled, wat dateer uit die elfde eeu. Daarna vaar ons op tradisionele bootjies, *Pletna's*, na 'n klein eiland in die middel van die meer, waar ons die Kerk van *St Mary of the Lake* besoek (toegangsfooie ingesluit). Dit is een van die hoogtepunte van ons toer!
Vanmiddag vertrek ons bus na **Ljubljana**, die hoofstad van Slowenië. Ons ontmoet ons plaaslike toergids vir 'n staptoer deur hierdie interessante stad. Ons besoek onder andere die *Ljubljana Kasteel,* wat dateer uit die dertiende eeu. Ons ry met 'n tandrat-trein (toegangsfooi ingesluit) na die kasteel.
Laatmiddag keer ons terug na Bled vir ons laaste gesamentlike aandete om 19:00.

**Dag 11: Woensdag, 9 Julie** **Bled → Ljubljana-lughawe →**
Dit is ons laaste oggend in Europa! Na ontbyt en vrye tyd in Bled moet ons sak en pak vertrek. Ons reis per bus vanaf ons hotel na die Ljubljana-lughawe, vanwaar ons vlug vertrek na Suid-Afrika. Aandete word op die vlug bedien.

**Dag 12: Donderdag, 10 Julie** **→ Johannesburg/Kaapstad**
Vroegoggend word ontbyt op ons vlug bedien. Na 'n wonderlike belewenis in ***Kroasië en Slowenië*** land ons in Johannesburg en Kaapstad.

## INGESLUIT BY DIE TOERKOSTE:

- ✓ Internasionale vlugte in die ekonomiese klas vanaf en na Johannesburg. Daar is 'n addisionele koste van R1 750 vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Luukse busvervoer deurentyd, met alle parkerings- en tolgeldkostes.
- ✓ Verblyf in die volgende uitgesoekte drie- en vier-ster hotelle:
  - Een nag in die ***Central Hotel***, Zagreb
  - Een nag in die ***Big House Hotel***, Plitvice-omgewing
  - Twee nagte in die ***Trogir Palace Hotel***, Trogir
  - Twee nagte in die ***Adria Hotel***, Dubrovnik
  - Een nag in die ***Kolovare Hotel***, Zadar
  - Twee nagte in die ***Astoria Hotel***, Bled
- ✓ Volle ontbyt en aandete elke dag.
- ✓ Alle besigtiging (met toegangsgelde waar nodig) soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Die dienste van plaaslike Engelsprekende toergidse in Zagreb, Plitvice, Split en Dubrovnik, Bled en Ljubljana.
- ✓ 'n Retoer bootrit tusen Dubrovnik en Cavtat en 'n Pletna-bootvaart op die Bled-meer.
- ✓ Die dienste van 'n ervare toerleier deurentyd.

## LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:

- Die voorlopige toerkoste van **R47 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Mei 2024. Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van €1 = R20 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- Visumkoste van ongeveer **R1 800** vir 'n Schengenvisum is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met die aansoekvorms en stawende dokumente vir elke toerlid.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkamer verlang beloop **R7 880**.
- Omvattende groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar teen **R360** vir die twaalf dae (vir diegene ouer 75 jaar is daar 'n bybetaling).
- Indien daar probleme met die bespreking van een van die genoemde hotelle mag ontstaan, sal daar van 'n soortgelyke hotel gebruik gemaak word.
- Ten minste 38 passasiers moet deurgaans saamreis.
- 'n Deposito van **R5 500** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 22 Maart 2025** vereffen word.
- Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

## HOE OM TE BESPREEK:

Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by
Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Tjek/Besigheids Verwysing: CROATIA/ en u van
Kontak die toerleier, ***Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
*Tel nr:* 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za



***Ons ry met 'n treintjie deur die manjifieke Postonja-grotte!***

VAN DYK TOERE
INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995